

Dinsdag 5 Junie

Skrifgedeelte: Esra 5:1-5

Fokusgedeelte: Esra 5:5

God maak eers sy kinders nuut, dan alles rondom ons

Toe die herbou van die tempel met geweld tot stilstand gebring is, het daar by die Israeliete 'n geestelike doodsheid ingetree en hulle begin meer aandag gee aan hulle eie belange.

Maar nooit los die Here sy kinders nie. Deur die profete Haggai en Sagaria roep Hy hulle op om weer aan die tempel te bou. Met *waagmoed* en *durf* moet hulle die opdrag van die Here uitvoer en nie vir hulle vyande skrik nie.

Wat gee ons waagmoed en durf? Deur Sagaria sê die Here vir die Israeliete wat gees-telik doodgegaan het (1:3): “Keer terug na My, spreek die HERE van die leërskaar, en Ek sal na julle terugkeer.” *Hy roep hulle terug na Hom toe.* Hulle het die Here verlaat. Daar begin alle doodsheid en ongehoorsaamheid. Een met jou Here sal die duiwel wat doodsheid saai en geen vyand jou sommer so oorrumpel nie.

Ons kan sê: God het eers die Israeliete “herbou” – en toe sy tempel. So het Christus ook gekom en ons as sy kinders eers “herbou”, nuutgemaak, herskep. Hy het nie gekom om net ons omstandighede te vergemaklik nie. Ook in Suid-Afrika wil die Here dat elke kind van Hom die nuwe lewe in Christus voluit leef, een met Hom. Hy sal nie 'n land wat in chaos verval, eerste opbou nie.

Wie deur die Here vernuwe is, sal geseënd werk en leef, en God sal ruimte vir ons skep. Hy skep lewensruimte waar Hy gedien word, en Hy hou 'n oog oor hulle wat dienend werk.

Sing: Psalm 99-1:1, 3

Ds. HJ (Hennie) Briel (Petrusburg/Boshof)